GrEAT 97

vir

Microsoft Word for Windows 8
(*Microsoft Word* 97)

Die Groot Elektroniese Afrikaanse Tesourus

Rekenaarweergawe van Southern Boekuitgewers se
Groot Tesourus van Afrikaans



deur L.G. de Stadler

Programhandleiding

GrEAT weergawe 97-1

dokument 97/01

Skryf u UserID (en Password) in hierdie blokkie:

Outeursreg word ingevolge die Berne-konvensie aan hierdie werk verleen. Ingevolge die Wet op Outeursreg no. 98 van 1987 mag geen gedeelte van hierdie werk sonder skriftelike verlof gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingbewaring.

Teks en struktuur deur L.G. de Stadler
Ontwerp, algoritmes en programmering deur J.C. Evertse en S.W. Vorster

Kopiereg voorbehou 1995, 1997
Die kopiereg van die ***GrEAT***-program behoort aan Stellenbosch Uitgewers
Die kopiereg van die woorde en die tesourus-struktuur aan Leon de Stadler.

Alle navrae aan:
Stellenbosch Uitgewers
Posbus 2230
Stellenbosch
tel (021) 887 1737
faks (021) 883 8655
email stpubus@gmail.com

Installasie van GrEAT

Groot Elektroniese Afrikaanse Tesourus

[Waneer u die program aangekoop het, ontvang u nuwe installasie-instruksies]

U is die besitter van die eerste volwaardige Afrikaanse woordeboek in elektroniese formaat met die tong-in-die-kies-akroniem ***GrEAT***. Hierdie produk vorm ’n belangrike deel van ’n reeks taalkundige hulpmiddels, waaronder ***Proefleser***, ’n stelsel wat onder andere ‘n spelkontroleprogram en ’n vertalingslys insluit.

Opmerkings:
Ter wille van verstaanbaarheid en vir naslaandoeleindes word die Engelse terminologie van die *Windows*- en *Word for Windows*-programmatuur in hierdie handleiding gebruik. Indien u onseker is oor die bewerkings wat uitgevoer moet word, kan die terme dan maklik in die betrokke handleidings nageslaan word.

Ons sal na ***Word for Windows*** verwys as ***WinWord***.

Die installasie-proses word op die volgende bladsye beskryf (’n kort verduideliking vir kenners eerste, gevolg deur ’n meer gedetailleerde beskrywing).

Vir die kenners van Windows 95

Die ***GrEAT***-program word deur middel van 'n standaard SETUP-opdrag geïnstalleer. Die nuutste installasie-wyse van Microsoft is sodanig dat programme deur middel van Add/Remove Program in die Control Panel, *uninstall* kan word. Die *default folder* is GREAT en die program se naam is GREAT97.EXE. Die installasie program plaas GrEAT outomaties in:

Start Programs Great



Dit is dus maklik om wanneer u reeds in *WinWord* is, GrEAT te laai. Sodra u dit *minimize* gaan dit na die *taskbar*. U kan GrEAT altyd sien (op die *taskbar*) en dit binne *WinWord* gebruik wanneer u woorde opsoek:

Dit is ook moontlik om 'n *menu item* wat GrEAT laai onder Tools in die *menu* te plaas asook om 'n *button* in die toolbar te plaas wat GrEAT laai (sien later in die handleiding).

Vir die ongeoefendes

- Skakel u rekenaar aan, *Windows95* word gelaai.
- Plaas die eerste ***GrEAT***-disket in u A-aandrywer of B-aandrywer.
- Klik op **Start** in die *Taskbar* en dan op **Run**:



Tik die volgende in die *Dialog Box* (dit hoef nie noodwendig in hoofletters te wees nie)

A:SETUP



en ***Enter***. Microsoft se standaard programmatuur sal nou die program ***GrEAT*** in die *Folder* GREAT installeer. Die installasieproses gee u wel die geleentheid om dit in ’n ander *folder* te plaas, maar dit is beter om GREAT as naam te gebruik.

Werking van GrEAT

Gebruik van GrEAT buite WinWord

U kan ***GrEAT*** ook buite-om *WinWord* gebruik. Die gebruik buite *WinWord* is beperk tot die blote opsoek van woorde. U kan dus 'n woordverwerker soos *WordPerfect for Windows* of *Ami Pro* laai en ***GrEAT*** langsaan plaas om woorde op te soek. U moet dan die woord wat u m.b.v. ***GrEAT*** gevind het, self in *WordPerfect* of *Ami Pro* intik of *cut* and *paste* - u kan nie woorde met 'n dubbele klik van die muis vervang nie.

U laai die ***GrEAT***-program met:

Start Programs Great



Gebruik van GrEAT binne *WinWord*

Indien u ***GrEAT*** binne *WinWord* gebruik, kan u enige woord binne *WinWord* as soekwoord gebruik en dit met 'n ander keuse vervang. In laasgenoemde geval werk dit min of meer soos *WinWord* se eie *Thesaurus*. U belig die woord en maak ***GrEAT*** oop. U maak ***GrEAT*** oop deur op die ***GrEAT*** icon op die *taskbar* te klik. ***GrEAT*** plaas homself bo-op *WinWord* en u kan die beligte woord in *WinWord* in ***GrEAT*** plaas deur op Soek Woorde te klik. Die beligte woord in *WinWord* verskyn dan ook in ***GrEAT*** en u kan verwante woorde opsoek.

Wanneer u weer binne *WinWord* klik, gaan ***GrEAT*** terug na die *taskbar*.

GrEAT se elemente: *knoppies (buttons)*, *tekshokkie (text box)*, *lyshokkie (list box)* ens.

GrEAT het slegs drie knoppies *(buttons)*:

Soek woorde	Soek betekeniskategorieë vir die woord links
Vervang	Vervang die beligte woord in die teks met die beligte woord in die **Woorde**-lyshokkie *(list box)*
Maak skoon	Verwyder alle woorde in die **Geskiedenis**-lyshokkie *(list box)*.



Die boonste linker tekshokkie (t*ext box*) bevat ’n enkele lyn waarin ’n woord getik kan word of waarin die woord onder beskouing [die woord wat belig (*highlighted*) is] binne *WinWord* verskyn. Die **Betekenisgroepe**-lyshokkie *(list box)* vertoon ’n lys van betekenisgroepe vir daardie woord en die **Woorde**-lyshokkie *(list box)* vertoon alternatiewe woorde in die gekose betekenisgroep.

Die drie *buttons* bo regs is standaard *Windows*-elemente en kan gebruik word om ***GrEAT*** te minimeer, te maksimeer en te beëindig (verdwyn van die *taskbar*).

Die volgende afkortings word gebruik om die woordsoorte aan te dui:

bnw	byvoeglike naamwoord
bw	bywoord
lw	lidwoord
snw	selfstandige naamwoord

telw	telwoord
tw	tussenwerpsel
uitdr	uitdrukking
voegw	voegwoord
voors	voorsetsel of agtersetsel
wdeel	woorddeel soos ’n voor- of agtervoegsel
ww	werkwoord

In die **Betekenisgroepe**-lyshokkie verskyn daar na elke konsepbeskrywing ’n syfer tussen hakies. Die syfer verwys na die artikelnommer in De Stadler se *Groot Tesourus van Afrikaans* (Southern Boekuitgewers), en is ’n hulpmiddel vir daardie gebruikers wat die boek saam met die program wil gebruik. In die volgende afdeling van die Handleiding word meer inligting aangebied oor die fyner struktuur van die ***GrEAT***-program.

Voorbeeld

Gebruik van die GrEAT op teks binne *WinWord*

Plaas die merker (*cursor*) binne die woord in die *WinWord*-teks waarvoor u 'n ander woord soek en belig (*highlight*) dit deur twee keer te klik met die muis of met die sleep van die muis oor die woord. Klik dan op ***GrEAT*** in die *taskbar* sodat dit bo-op *WinWord* oopmaak. Klik dan op die **Soek woorde**-knoppie (*button*).

Indien die woord wat u soek in ***GrEAT*** se woordeskat is, vertoon ***GrEAT*** een of meer betekeniskategorieë. U kies een deur 'n enkele keer op die betekenisgroep te klik. Al die woorde wat binne die betrokke betekenisgoep voorkom, word dan in die middelste tekshokkie *(text box)* vertoon. U kies die woord deur 'n enkele keer op die woord te klik en daarna op die **Vervang**-*knoppie (button)* te klik (of u klik twee keer op die woord).



GrEAT op die *taskbar*

In bostaande voorbeeld is die woord **hulpmiddel** in *WinWord* belig en dit verskyn ook in ***GrEAT***. In die **Betekenisgroepe**-lyshokkie word nou aangedui dat die woord

in twee konsepkategorieë voorkom, nl. **Gebruik [629] gebruiksartikel [snw]** en **Meedoen (663) hulp [snw]**. Die eerste woord dui die konsepkategorie aan, die syfer is die artikelnommer in *Groot Tesourus van Afrikaans*, die volgende woord gee ’n aanduiding van die subkategorie binne die artikel en word gevolg deur die woordsoortaanduiding. Al hierdie inligting help die gebruiker om ’n meer **gerigte** soektog na die regte woord te doen. Indien u bv. op **Meedoen/hulp** klik verskyn die woorde *hulp, hulpverlening,* ens. in die **Woorde-**lyshokkie *(list box).* Indien u op **Gebruik/gebruiksartikel** klik, sien die keuse weer anders daar uit. U kan enige van hierdie woorde belig en op die **Vervang-**knoppie *(button)* klik. In die voorbeeld sou u bv. *bystand* kon kies om die beligte woord *hulpmiddel* in *WinWord* te vervang.

Die **[629]** in die voorbeeld verwys, soos reeds aangedui is, na die artikelnommer in De Stadler se *Groot Tesourus van Afrikaans* (Southern Boekuitgewers) en vergemaklik die gebruik van die woordeboek saam met ***GrEAT***.

U kan byvoorbeeld ook op die woord *steun* klik en dan weer op die **Soek woorde-**knoppie *(button)* klik. Op dié wyse kan ’n mens jou soektog voortsit na steeds meer verwante woorde. ’n Volledige geskiedenis van u soektog word in die **Geskiedenis-**lyshokkie vertoon. U kan te eniger tyd ook op een van dié woorde klik en weer van daardie punt af begin. Die **Geskiedenis-**lyshokkie kan ook skoongemaak word, deur op die **Maak skoon-**knoppie te klik.

’n Goeie woordeboekgewoonte

’n Tesourus is nie ‘n verklarende woordeboek nie, maar word juis gebruik om die regte woord vir die regte konteks te soek. Soms kan daar subtiele, maar tog belangrike verskille tussen verwante woorde wees. Dit is daarom belangrik om die tesourus saam met ’n goeie verklarende woordeboek in te span wanneer u werk.

GrEAT in die Menu

Vorige weergawes van ***GrEAT*** en ***ProefLeser*** het items onder *Tools* gehad. Mens kon dus die Afrikaanse Spelling en die Afrikaanse Tesourus vind waar 'n mens gewoond is dat Engelse ekwivalente was. Met Windows95 is dit nie meer belangrik nie want om ***GrEAT*** of ***ProefLeser*** te laai is maklik en nadat hulle gelaai is, bly hulle ikone sigbaar op die *taskbar*.

U kan, indien u dit so verkies, dit self doen. Dit behels die opstel van 'n makro wat die program GrEAT laai en 'n *menu item* wat na hierdie makro verwys.

NB

Die opstel van 'n Makro om GrEAT onder die Tools te plaas

Die volgende makro moet gemaak word:

```
If WordBasic.AppIsRunning("GrEAT") < > 0 Then
   WordBasic.AppRestore "GrEAT"
   WordBasic.AppActivate "GrEAT", 1
Else
   WordBasic.Shell "c:\great\great97.exe"
End If
```

Klik op Tools Macro Macros (of Alt F8)
Tik GrEAT
Klik op Create
tik bostaande makro tussen **Sub GrEAT** en **End Sub**
Klik op File Close and Return … (of Alt Q)

Klik Tools Customize Commands Categories
Kies Macros by Categories
Maak Tools oop



Sleep die Normal.newMacros.GrEAT na die plek op Tools-menu waar u dit wil hê (sien pyl in figuur bo)
Wanneer u Exit en WinWord versoek om die DOT file te Save, moet u Yes kies.